

Teks vooraf:

Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smee en die HERE van die leërskaare te soek. Ek wil ook gaan! (Sagaria 8:21 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 90:2 (p. 454)

- 2 Hoe nietig is die mens! Wat is sy lewe? / Wat hét die mens, al is hom veel gegewe?
U knak die steel van sy geswinde jare, / en hy gaan heen net soos die najaarsblare.
Want in u oog is duisend jare, HEER, / 'n enk'le dag, 'n nagwaak en niks meer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 105:1 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy daede in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 25:2 (p. 115).

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 72:2 (p. xxx)

- 2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor berge en heuwels sweef;
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skede ontruk,
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.

Skriflesing: Matteus 7

Teks: Matteus 7:24-27

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval

en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot. (Matteus 7:24-27 AFR1953)

Dit is nie genoeg om net op elke waarheid en elke goeie preek "HERE, Here" te sê nie.

- Dit beteken niks om geloofswaarhede met die mond te beaam en ons lewe bly gebrekkig nie.
- Geen geloofswaarheid beteken vir jou iets as dit nie in jou daaglikse lewe en beweging in werking gestel word nie.

Met hierdie gelykenis van die twee huise laat die Here Jesus ons besef hoe geweldig groot die verantwoordelikheid is wat op ons skouers rus as dit gaan oor geloof en die koninkryk van God in ons daaglikse lewe.

In die gelykenis word die lewe van twee mense uitgebeeld.

- Albei het 'n bepaalde struktuur beplan.
- Die Here noem die eerste een verstandig, want hy bou volgens 'n bouplan wat God goedkeur.
- Hy het die fondasies van sy huis so diep gaan graaf dat hulle op die rotse onder die grond gerus het.
- Op hierdie uitermate sterk fondament het hy sy huis gaan bou.

Die Here vertel dat hierdie huis so sterk was dat die storms hoegenaamd geen skade aan hierdie huis kon aanrig nie.

Die tweede bouer het sy huis bo-op die sand gaan bou.

- Ons moet die punt wat die gelykenis hier maak snap om die res van die gelykenis te kan verstaan: *Hierdie bouer het gaan bou sonder enige fondament hoegenaamd.*
- Hy het net die stene in reguit rye bo-op die sand begin neerlê.

Daarna het daar 'n storm opgesteek.

- Hierdie huis wat op die sand gestaan het, het met 'n groot gedruis inmekaargetuimel.
- Die wind en die reën het dit sommer net omgewaai en laat bars en die water het die sand onder die mure uitgespoel.
- Die Here vertel in sy gelykenis dat die val van hierdie huis GROOT was.

Die gelykenis het twee aspekte waaraan ons aandag moet gee:

- Die eerste is dat die twee huise op sig eenders gelyk het.
 - Mens kan nie altyd van buite af die verskil in mense se lewensgesindheid en hulle geloofskrag bepaal nie.
 - Met die blote oog kan nie gesien word watter huis onder die grond 'n fondament het en watter een nie.
- Die tweede punt van vergelyking is dat die groot verskil gekom het by die vakman wat die huis gebou het.
 - Die een vakman het geweet van watter belang die fondament van sy huis was.
 - Die ander een het geen vermoë gehad om te verstaan dat sy huis in die toekoms aan eise onderwerp sou word nie.

Die Here vertel nie in sy gelykenis dat die bouers verskillende tipes materiaal sou gebruik het nie.

- Almal het dus gelyke kontak gehad met alles wat God hulle bied.

- Die verskil wat na vore kom, is dat sommige mense verstandig lewe, en ander onverskillig.

Uit die gelykenis is daar sekere dinge baie duidelik.

- Die eerste is sekerlik dat die Here nie hier van huise praat nie, maar van mense en die wyse waarop hulle die konstruksies van hulle lewe oprig.
- Verder is dit duidelik dat die Here veronderstel dat jou lewensvertoon slegs voor Hom krag kan hê as daar voldoende diepgang is.

Jou lewe is dus 'n verhouding met God.

- *Dis 'n verhouding wat aan die eise van God se Woord onderwerp gaan word, en wat 'n bepaalde toets sal moet deurstaan.*
- *Die skerp punt van hierdie gelykenis is dat die versoeking altyd daar sal wees om die weg te volg van die minste weerstand, en dat die gevolg is dat ons nie dinge tot in hulle diepte sal deurworstel nie, maar slegs aan die uiterlike en die dinge wat gesien word aandag gee.*

Met ander woorde ons sal 'n vertoon van 'n goeie geloof vir die ander mense voorhou, maar God wat dieper kan toets, sal weet dat die ondergrond ontbreek.

Die storms waarvan die Here praat is versoekings – in watter vorm ook al.

- Dis die verleidinge van die duivel wat altyd 'n groot deel geweld met hom saamsleep.
- Uiteindelik word almal aan die toets van die eindoordeel onderwerp.

In ons lewe nou kry ons die tekens van die fondamentlose.

- Hy mag 'n totale ongelowige wees.
- Maar hy mag dalk 'n kerklidmaat wees wat verbitterd raak en wil weet waarom hy alleen al die swaar van die wêreld moet dra.
- Sy gebedslewe neem af, en daarmee saam sy gemeenskap met sy gemeente.
- Baie keer loop hierdie mens se lewe uit op die opsegging van die gemeenskap met sy kerk.

Hy is ook die een wat opstandig is oor elke geloofsaak wat hy nie kan verstaan nie, en wat God oor enige saak as onregverdig uitkryt.

Hierdie soort dinge gebeur wanneer daar geen geloofsgrondslag is nie.

Om 'n dieptelewe en 'n sterk lewe te lei is ook nie so onmoontlik nie.

- Die Here Jesus Christus het ons mos geleer dat dit 'n lewe is van gemeenskap met God.
- Dit is 'n lewe van gebed.

Ons kan dit baie maklik prakties stel wat ons alles moet doen:

- Ons moet gereeld bid, en ons moet ook voortdurend God se Woord ondersoek.
- Ons moet ook baie dink oor alles wat vir God vreugde verskaf, en ook besef hoe oneindig sy genade en sy krag oor ons is.

Paulus praat ook van hierdie dinge.

- Hy skryf dat die egte Godsvrug van die valse uitgeken kan word wanneer daar 'n ernstige toets aangelê word.

Ons moet dus nie verkrummel wanneer ons blootgestel word nie.

- Dan bewys ons onself as leeg en sonder inhoud.

- Fondamentloos, soos die huis op die sand.

Ons kan die Christusprediking op twee maniere benader:

- Eers kan ons sê dat Hy ook soos ons aan allerhande ellendes blootgestel was.
 - Ons onthou ook hoe Hy versoek en deur die duiwel geteister is.
 - Maar sy verhouding met God was sodanig dat daar geen kraak ooit in sy lewe te voorskyn gekom het nie.
- Verder kan ons ook daarop let dat dit juis die Here Jesus Christus se onderworpenheid aan elke eis van God die Vader was wat gemaak het dat Hy aan die kruis beland het.
 - Hierdeur het Hy die fundamente van ons ewige lewe gelê.

Dit is dan ook die tweede punt van die Christusprediking:

- Die Here Jesus Christus is die fondament van ons lewe.
 - As ons lewens nie daadwerklik op die Here Jesus Christus gebou is nie, is daar geen vooruitsig dat ons ooit hierdie tyd met God se koninkryk gaan verruil nie.
 - Om die Here Jesus Christus die fondament van jou huis te maak is om waarlik te glo. (Ons ken mos almal die Kategismusvraag wat daaroor handel.)

Om waarlik te glo, is om eerstens kennis te hê. Ware kennis.

- Dit is soveel kennis van die Bybel as wat jou verstand kan bevat.
- Bybelkennis veronderstel kennis van jou verlossing en van die saligheid wat God aan jou laat toekom deur Jesus Christus.

Ons moet nie net al die dinge weet nie, ons moet ook die vaste vertroue hê dat God werklik die Saligmaker wat in die Ou Testament beloof is, en wat in die Nuwe Testament gelewe het, vir my laat sterwe het.

- Ek moet die vertroue hê dat ek deel uitmaak van die hele verlossingsopset.
- Daar is vir my hiernamaalse lewe in Christus se opstanding 'n fondament van lewe gelê.

En dan moet ek hierdie geloof en vertroue met 'n lewe vol goeie werke gaan afrond.

- Ek moet elke ding wat ek aanpak, tot God se eer uitvoer.
- Dan is ek een van die verstandiges wie se huis nie deur die storms weggespoel gaan word nie.
- Daardie huis se val was mos groot, maar juis ons oorlewing is dan groots en in die lig van God se krag.

Dit is ook presies dit alles waaraan dié tyd van die jaar ons weer herinner. Dit herinner ons daaraan dat die Here Jesus Christus klaar vir ons 'n fondament van saligheid gelê het. Dis waarom Hy by ons op die aarde was.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 134:2, 3 (p. 653)

- 2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande^{en} pleit, / as alles rus in donkerheid.
- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 6 Desember 2009